

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUIDAFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 97

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in SuidAfrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

IS GODSDIENS VIR DIE MENS WERKLIK NODIG ?

Daar in die jare 30 het 'n sekere oom Piet du Plooy en sy vrou, tant Hessie besluit om met 'n donkiekar en vier donkies. die wapad aan te durf! En dit was nie maar net 'n "plesieritjie" op 'n ponie in 'n sirkulent nie! Dit was 'n lang en moeisame tog oor honderde en honderde myle van sand en ongebaande weë. Die ou donkietjies moes myle en myle en nogmaals myle ver die twee reisigers vervoer en die bestemming was nie sommer net hiër oor die bult nie! Die eindpunt of bestemming van die reis was VER... van GOBABIS na PRETORIA! (En ... terug! as ek nog reg onthou). Dit het glo 'n maand of twee geduur. Vandag bestyg jy 'n vliegtuig op Jan Smutslughawe en binne die bestek van twee uur is jy in Windhoek.

En ... dis nog niks! Wat van die maanlanding en al daardie skouspelagtige ontdekkings? My kop draai wirwar, al in die rondte, as ek, tipiese ou Kalahariseun van dieselfde wêreld as wyle oom Piet en tant Hessie aan al hierdie nagmerrieagtige gedrogte wat die hemelruimtes klief, begin dink... Ek dwaal egter af van my betoog. Ons twee gaan mos so 'n bietjie van hart tot hart gesels of debatteer oor die noodsaaklikheid van die Christelike godsdiens vir die mens van ons tyd.

Punt een van my opmerking is dat die wêreld vreeslik vinnig verander het. Van 'n donkiekar na 'n maantuig wat miljoene myle kan aflê. Die mense wat die geskiedenis moet opteken sal eersdaags, selfs met hulle vinnige rekenoutomate, swaarkry om te kan byhou. Skaars is die ink droog of iets anders het alweer die verbeelding van die mens aangegryp. Soms verrassend, dan weer skokkend. Die streeknuus oor die radio is dan ook net volgeprop met berigte van dood, moord, ongeluk, inbraak, diefstal. Terrorisme, skaking van vliegtuie is daelikse roetinenuus. Dit is 'n vinnige wêreld, maar ook 'n gevaarlike wêreld!

My tweede opmerking is dat daar nie alleen op tegniese gebied verandering ingetree het nie, maar ook in die denke van die mens. Ek wil amper beweer in die intelligensiekwosiënt of I.K. van die moderne mens. My kinders is baie, baie slimmer as hulle vader. Ek moes vir die Biologie-eksamen vir Matriek oor die vermoë beskik om 'n sprinkaan met sy paar segmente te teken. Vandag se kinders teken al in Standaard vier of vyf 'n spinnekop met al sy afskuwelike wetenskaplik gekompliseerde beenstrukture, ingewande en ... ek weet nie wat alles nie!

My derde opmerking is dat die mens vandag so geweldig baie weet. Want hy beskik oor al die moontlike en onmoontlike instrumente en middele vir sy studie of navorsingsprojekte.

Die mens besit waarna sy hart hunker! Dis 'n halfdosyn botteltjies koeldrank in plastiekbotteltjies vir die kinders en Oude Meester en al die ander "lekker" goed vir pa en ma en die gaste. Dis sponsrubbermatrasse (en nie die ou harde klapperhaar en ysterkateltjies nie). Die mens is versadig tot barstens toe! Hy kan lees net wat hy wil. Boeke en prentverhale en "comics".

Ag vriend, weet jy, ek word eintlik hartseer as ek aan al hierdie dinge dink veral dat ons hele lewe ondanks al hierdie dinge so doelloos, so rigtingloos, so.... ankerloos is! Soek jy nie ook na dieper lewenswaardes en geluk nie?

Hierdie dinge is vir my persoonlik so leeg en ... verganklik!

Telkens by 'n oop graf dink ek diep na oor die betekenis van die lewenspad wat net hier sou eindig as onse Here Jesus Christus nie vir jou en vir my op Golgota gely en gesterf het nie?

Hoe heerlik egter om daar te kan bely: „Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here ...”

Vriend, ek glo dat ons lewe nie net aards is nie, dat ons nie net van brood alleen moet lewe nie, maar:... "om aan jou bekend te maak ... dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan," (Deut. 8:3b).

E. W. Meyer.

DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP EN DIE NAGMAAL

Die Heilige Gees versterk ons geloof nie alleen deur die prediking nie, maar ook deur die sakramente, dit is die Doop en die Nagmaal.

Tekens

Die sakramente is tekens.

Opvallend is die feit dat die teken vir die ongelowige niks beteken nie. Daarom sê Jesus in Markus 8 : 12 "Voorwaar Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie." As 'n teken in ongelof ge vra word, dan word dit nie gegee nie omdat dit tog niks kan uitwerk nie. Wie die Here nie deur sy Woord glo nie, sal Hom ook nie glo deur 'n teken nie, al is dit watter groot wonder.

Maar heeltemal anders is dit as die Here in sy genade wel 'n teken gee. Dan is dit nie tevergeefs nie, omdat Hy sy teken gee aan gelowiges. Hy gee aan sy gelowige kinders die Doop en die Nagmaal om die beloftes van die Evangelie beter te laat verstaan.

Dit is so: Die Woord van God wat die kerk op bevel van Christus verkondig en wat die Heilige Gees toepas in ons lewens, is op sigself reeds genoeg. Dit bevat alles wat ons tot saligheid nodig het. Maar ag, ons is dikwels so swak, so aardsgesind, so wantrouend, so twyfelmoedig! Hoe onuitspreeklik is nou die goedheid van God dat Hy met ons swakheid rekening gehou het. Hy kon van ons volkome geloof en vertrouwe geëis het alleen op grond van sy Woord. Maar nou kom Hy ons te hulp met sigbare tekens.

Duidelik

Hy gee die tekens nie om die ongelowiges tot geloof te bring nie (nee, die Woord moet die geloof werk) maar om die gelowiges nog meer aan Hom te bind en om die waarhede van sy Woord des te beter te verstaan. Dink maar aan die sentrale waarheid wat die Woord aan ons verkondig. Dit spreek van vergewing van sondes. Maar dit is so 'n geweldige saak. Dit kan deur ons byna nie begryp word nie. Maar nou kom die Here en verduidelik dit met die allereenvoudigste teken van water. Water reinig — die bloed van Jesus Christus net so! En by die Nagmaal is die tekens net so voor die hand liggend en natuurlik. Brood en wyn is tog die gewone voedingsmiddele in die Ooste. Dit versterk die lewe. Net so behou en verkwik die liggaam en bloed van Christus ons geestelike lewe.

Doop en Nagmaal — tekens van ewige waarhede wat Christus ons in sy Woord geskenk het. As die Woord nog vir ons, omdat ons sondaars is, soms vaag bly en abstrak en onsigbaar, hier by die tekenspraak van die sakramente word alles duidelik; dit word nou sigbaar en tasbaar. Ons kan dit selfs met die mond geniet. Dit word deel van ons lewe.

Seëls

Maar die Doop en die Nagmaal is ook seëls. Dit is waarborge wat die waarhede van die beloftes van die Woord aan ons bevestig.

Wat 'n wonder van goedheid en wysheid van God dat Hy ons deur die sakramente die gewisse beloftes van die Woord wil beseël. Hy weet hoe moeilik dit vir 'n sondaar is om die beloftes van skuldvergifenis en die ewige lewe met die geloof te omhels.

Ooreenkoms en verskil

En nou voel u aan, dat Woord en sakramente albei op een saak wys: Albei vestig ons geloof op die offerande van Jesus Christus as versoening van ons sondes. Hetsy die Woord of die sakramente bedien word, is dit dieselfde prediking: Die bloed van Jesus Christus reinig van alle sondes!

Daar is egter ook 'n verskil tussen Woord en sakramente. Die verskil is dat die Woord tot almal uitgaan en die sakramente alleen vir die gelowiges ingestel is.

Nie middels nie, maar 'n middelaar

In die grond van die saak gaan dit nie om die middels nie, om die Woord en sakramente nie, maar om Jesus Christus. Hy alleen is die inhoud van Woord en sakramente. Woord en sakramente wil ons aandag op Christus vestig sodat ons alleen op Hom mag bly sien.

P. E.

MOENIE JOU KINDERS KERK TOE STUUR NIE

By 'n Engelstalige kerk êrens in ons land het hiêrdie slagspreuk eenmaal die aandag getrek:

"Moenie jou kinders kerk toe stuur nie. Gaan saam met hulle." Tog is dit nie net by Engelssprekendes die gewoonte om hulle kinders kerk toe te stuur en self tuis te bly nie. Doen u dit nie ook nie? Indien wel, vra ek net 'n oomblik u aandag:

U meen dat die erediens tog 'n opvoedkundige doel het. Anders sou u u kinders nie daarheen gestuur het nie. Of miskien sê u dat dit nie kwaad kan doen om u kinders daarheen te stuur nie. Dit hou hulle ten minste van die strate af. Maar u self het daar niks aan om elke Sondag na een persoon se opinie oor sake te luister nie. U sou veel eerder in debat wou gaan. Nie 'n monoloog nie, maar liewer dialoog. Daarom bly u tuis en bring u dag op 'n ander wyse produktief deur.

Monoloog, en tog ...

Ek wil saamstem dat as 'n mens Sondag ná Sondag die opinie van 'n ander moet aanhoor, dit op die lang duur vervelig moet wees. En waar kry 'n mens die reg vandaan om sy opinie op 'n ander mens af te dwing? Dit klink taamlik naby aan breinspoeling.

Tog is hier meer op die spel as menslike opinie en monoloog. Ja, dit is monoloog. Maar dan nie van 'n mens nie. Wel van God.

Weet u dat u elke Sondag 'n ontmoeting met God kan hê? Deur net kerk toe te gaan. Want dit is wat daar gebeur:

Die gemeente ontmoet God!

Dit is God se wil (ek wil selfs sê God se genade) dat daar sulke samekomste op Sondag sal wees. Want God wil met ons praat. Ons aanspreek. Ons ontmoet. Ons leer om te lewe. Ons bemoedig. Die geloof versterk. Ons vermaan. Ons sy weë leer. Sy liefde deur Jesus Christus.

Dit is wel 'n mens wat daar van die preekstoel af praat. Maar hy praat nie uit homself nie. Hy gee nie sy eie opinie oor sake nie. Hy verduidelik en verklaar God se Woord. En hy pas dit toe op die daaglikse lewe. Op ons. En dit op God se bevel en gelei deur die Heilige Gees.

Tog dialoog

Die preek is dus monoloog. Maar dan van God. God wat deur die mens praat met sy gemeente. Vroeër het hy Moses gebruik om met die mens te praat. Later die profete. Nog later die apostels. En vandag die leraar op die preekstoel.

En wil u tog nog graag dialoog hê? Dit is ook daar. By die erediens. Ons antwoord as God praat deur ons lied, deur te sing en te bid. Ook in die erediens.

Ek is bly u gun u kinders dit. Dit stem mens dankbaar om te weet dat u graag wil hê u kinders moet God ontmoet en hoor wat Hy sê. Maar moet dit u self nie ontsê nie. Dit is 'n belewenis om God te ontmoet en hierdie dialoog met Hom te voer.

"Moenie jou kinders kerk toe stuur nie. Gaan saam met hulle."

J. H. van der Walt.

"Bybellees verveel my"

Jy sê dat jy die nut van Bybellees nie kan insien nie.

As jy die Bybel oopslaan, kan jy geen deurlopende lyn ontdek nie en baie Bybelboeke maak op jou die indruk van rotsblokke wat op mekaar gestapel word. Die geslagsregisters is vir jou 'n verskrikking wat nie inpas in die geheelpatroon nie.

Toe het jy besluit dat die Bybel liever vir jou 'n geslote boek moet bly. God gryp jou meer aan in die natuur, waar 'n swawel die blou lug deurklief. God spreek tot jou in die lag van 'n kind, want dit beteken lewe. En in die genesing van siekes sien jy God in aksie. Die branders wat die kuslyn koester, is vir jou die beeld van die durende, die blywende.

Maar die nut van Bybellees kan jy nie insien nie ...

Jy verkies dat dit vir jou persoonlik 'n geslote boek moet bly...

* * *

Ek kan sien dat jy jou eerlike mening het.

Daarom wil ek graag in eerlike gesprek met jou tree.

Jy as nugter man kan tog aanvoel dat ons hier met iets groter as onself te doen het.

Oor 'n tydperk van ongeveer 1600 jaar het die Bybel gegroei tot die Boek wat ons vandag het. Deur God gekoester en bewaar en onder Sy leiding deur die pen van mense geskryf, het die Bybel die grootste Boek van alle eeue geword.

Die Bybel het geword God se liefdesverklaring vir jou in Christus.

God se herderstem wat roep ...

God se bloeiende vaderhart. ..

Ek wil hê dat jy hierdie lyn in die Bybel moet raaksien.

Die lyn van Christus.

Daar in die Paradys al kom Jesus Christus jou tegemoetgestap, nadat jy en ek saam met Adam die donkerheid verkies het bo die lig.

Deur die oë van Abraham kom die kruis van Golgota ons tegemoet.

As Israel hulle voortsleep deur die woestyn, dan is dit die geboortepyne van 'n komende Verlosser.

Die geslagsregisters vertel aan jou dat mense saamgedra het aan die grootste Skat van alle eeue.

En die profete se woorde is ligvingers wat heenwys na Betlehem.

Sien jy die lyn goed raak?

Al hierdie lyne trek saam, soos in 'n brandglas.

In Betlehem — waar Christus hierdie aarde betree.

Jou Verlosser.

Sy dood en opstanding is God se waarborg van jou verlossing.

En sy mededoë vir siekes en verskoptes nooi jou uit om jou te werp in sy uitnodigende arms.

Stem jy as nugter mens saam dat dit die lyn is?

Dat dit ook wetenskaplik is dat al hierdie dinge uitloop op God se groot uitroep teken: Jesus Christus!

Antwoord my nou eerlik:

As God hierdie dinge nie aan jou sê deur sy Woord nie, hoe sal jy kan glo?

As God self nie die waarborg is vir die waarheid van sy Woord nie, waar sal jy die rus vind?

En as God nie deur sy Woord sy liefde aan jou verklaar nie, hoe sal jy kan antwoord?

Daarom lees ons die Bybel.

Dit is Woord en antwoord.

God se Woord.

Jou antwoord?

C. J. H. Venter.

WAAROM BID JY ?

As God alwetend is, en dus ook weet van jou en jou behoeftes, waarom moet jy dan nog tot Hom bid? Is dit nie 'n mosie van wantroue in die Here om Hom dinge te vertel wat Hy beter weet **as** jyself nie?

En buitendien, waarom moet ek voor ete bid, en na ete die Here dank vir brood wat ek gekoop het met my geld by die kafee? Waar kom die Here in die prentjie? — dis ek, en my geld en die kafee,

Dit lyk my jy het 'n wanopvatting oor die gebed. Die gebed is geen **inligtingsdiens** aan God nie. Die gebed is ook nie 'n vraebus en 'n laaste **wanhoopsmiddel**, om nadat jy alles probeer het dit ook met God of by Hom te probeer. Die gebed is nie 'n nooddiens of **noodsein** aan God om sy guns te probeer wen nie. Dan maak jy soos die heidene met hulle afgodsoffers. Die gebed is ook nie 'n **stempel** waarmee jy so 'n indruk van christelikheid op jou vergaderings wil afdruk, maar tussen die openings en afsluitingsgebed gaan dit sommer so padlangs wêrelds.

Daardie brood waarvoor jy bid en dank .. . hoe dink jy, waar kom dit vandaan? Wat sit daar nie alles agter brood nie? Noem maar op: die brood is gebak uit **meel**, die meel is gemaalde **koring**; die **koringoes** was afhanklik van die reën wat **God** laat uitsak het oor die **koringlande**. **Natuurrampe** (hael, droogte, sprinkane, verspoelings ens., ens.) kan jaar na jaar alle oeste vernietig as die Here nie sy skepping **in stand hou en regeer** nie.

En wat van al die **masjinerie** en **implemente** in die proses van broodbak; en al die **kennis** en al die **arbeidskragte**; en die **gesondheid** van **arbeiders**. **As** die **Here sy seënende hand** onttrek, sou jy met jou geld en al niks op tafel hê nie.

Daarom bid jy, want jy bely in al hierdie dinge jou **diepe afhanklikheid** van die Here.

Wie se geld?

Maar ook jou *geld*, vanwaar kom dit? Watter ry aan ry sake is nie hierin betrokke nie — 'n hele kettingreeks: dis gesondheid en **verstand** om te kan werk, dis **werkvermoë** en **werkgeleentheid**, dis **werkomstandighede** en **werkure**, dis 'n rustige en **ordelike land** waar vrede heers, ensovoorts, ensovoorts.

Daarom bid jy. Al is jy dus 'n selfstandige mens met 'n eie wil en eie tjekboek en eie beurs, en 'n mens op jou eie bene wat staan in jou eie skoene — in dit alles is jy 'n diep afhanklike mens. Ook jou maandelikse salaris is nie joune nie, maar die Here s'n. Hy het jou net daarvoor aangestel om dit te bestee tot sy eer en in diens van sy koninkryk. Daarom bid jy, want hierin het jy wysheid nodig.

Gebed is asemhaal

Maar daar is meer redes waarom jy bid. Die gebed, het iemand gesê, is die asemhaling van die siel. En net soos jy versmoor as jou liggaam nie asem haal nie, netso sal jy geestelik versmoor as jy nie bid nie. As jy ophou om geestelik asem te haal sal jy geestelik doodgaan. Daarom bid jy.

Vraagtekens

Maar daar is nog redes waarom jy bid. Daardie vraagtekens in jou lewe, daardie onverklaarbare dinge waarmee jy geen raad weet, daardie waaroms: **Waarom** laat God so iets toe, waarom moet my kind so ly, waarom die een misoes op die ander, ensovoorts, die gelowige kan hieroor sy hart uitpraat met sy hemelse Vader.

So bely hy sy nood voor God:

"O God, ek is in alles so diep afhanklik van u. U weet die daaroms op al die waaroms. Dis U raadsbesluit."

En as jy so bid dan word jou bidplek 'n stukkie hemel op aarde, 'n venster op die hemel. Dan sien jy in die geloof en jy berus in dié versekering dat al die dinge gebeur ter wille van die Here Jesus Christus. Om Christus wil geskied alles ten goede, (Romeine 8 : 28).

En as jy dan opstaan van jou bidplek dan is jy ryker as wat jy sou wees met antwoorde op al jou waaroms. Want dan sien jy die Gewer, en Hy is meer as die gawes. Dan kan jy maar van die gawes ontbeer, want jy het die Gewer.

Dan kom daar kalmte en gemoedsrus. Dan, alleen dan, word die lewe met sy vraagtekens draaglik. Dan kom daar weer uitsig in my lewe.

Soos vleuels

En die uitsig bring ook die insig. Dit is mos so, nie waar? Van hoe hoër jy 'n saak beskou, hoe wyer die uitsig en hoe dieper die insig. So is die gebed — soos vleuels wat die gedagtes hoër en hoër dra. So styg jy ook uit bo die daaglikse sorge. Wat 'n heerlike bevryding vir die ware, gelowige bidder. Daarom bid jy. Dan word jou bidplek 'n stukkie hemel op aarde.

Nog een rede waarom jy bid: jy bid tot jou hemelse Vader om in die Naam van Jesus Christus vergifnis te vra vir jou sondes, krag van Gods Gees te vra in die stryd teen versoeking, en God te dank vir sy groot sondaarliefde dat Hy jou wil hoor en verhoor in Jesus Christus.

Amen

En dan sê jy Amen omdat jy weet jou gebed is veel sekerder verhoor deur God as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer, (2 Korinthiërs 1 : 20 en 2 Timotheüs 2 :13).

P. W. Bingle.

Vreugde in die Here

Die soekende mens

Die mens van die twintigste eeu het in vele opsigte 'n soekende wese geword. Hy soek na vastigheid en sekuriteit en na fundamente en steunpilare.

Nou spreek dit vanself dat daar in hierdie SOEKPROSES gewoonlik baie vroe opduik . . . probleme waarop hierdie soekende mens antwoorde wil vind sodat sy gekwelde en onstuimige gemoed tot 'n kalme berusting kan kom.

Ons lewe dus werklik in 'n tyd van vraagstukke ... dikwels kritiese kwessies met net so dikwels ondeurdagte antwoorde daarop.

Die vraag

Een van hierdie vroe — en miskien die belangrikste van almal — is die vraag na ware vreugde. DIE SOEKENDE MENS SOEK OOK NA EGTE BLYDSKAP!

Bestaan dit nog en waar vind ek dit?

Hierdie vraag word deur verskillende mense op verskillende maniere gestel. Maar dit kom per slot van rekening neer op die gesoek na EWIGDURENDE VREUGDE waarna elke mens smag. Die mens wil tog só graag bly wees . . . wil tog só graag die moeilike lewenspad met 'n opgewekte gemoed en 'n vrolike hart aflê.

Verder word hierdie vraag besonder aktueel omdat die lewe in ons eeu dikwels verteer word deur 'n troostelose angs. Ons hoor en sien dit elke dag!

Basuine van vrees oor die radio:

Viëtnam.
Die MiddeOoste.
München.
Die Caprivi.

Baniere van benoudheid in die pers:

Oorloë en gerugte daarvan.
Staatsgrepe en rewolusies.
Anargie en terrorisme.

'n Antwoord?

Daar is eintlik baie antwoorde!

MENIGE MENS SÊ:

- Daar is vreugde in die dwelmmiddel of die alkohol!
- Daar is vreugde in die plesiersale of die rusoorde!
- Daar is vreugde in die hippiekultus of die popmusiek! Vreugde? Nee, lugspieëlings! Valse blydschap!

Dié antwoord:

DAAR IS NET EEN ANTWOORD: DIE EVANGELIE!

Dit beteken: "blye boodskap!"

Dit is die blye boodskap van 'n HEMELSE VADER wat die SEUN VAN SY LIEFDE gegee

het om die sondaarmens te verlos van die bande van angs en die strikke van die dood.

Jesus Christus:

Hy het gesterf en opgestaan! Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom! (Jes. 53).

Hierdie ewige waarheid wek ewige vreugde.

Daarom kan Paulus in donker dae 'n vreugdebrief aan die Filippense rig: "Ek bid altyd in al my gebede **vir julle met blydschap**" (1:4) ... "In alle geval word Christus verkondig en hierin verbly ek my" (1:18) ... "Al word ek as 'n drankoffer uitgegiet, oor die offer en die bediening van julle geloof, verbly ek my" (2:17).. ." Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!" (4:4).

Dit is treffend: In boeie en verdrukking is daar by die Apostel VREUGDE IN DIE HERE!

Soek u ook werklik na die ware blydschap?

U VIND DIT IN DIE WOORD VAN GOD!

N.V.